

Elias Nel Met die maan gepla

Elias Nel is 'n voormalige voorsitter van die Afrikaanse Skrywersvereniging. Hy is bekend as die skrywer van *Iets goeds uit Verneukpan* (1999) en *Mafoiings op Verneukpan* (2001).
E-pos: epnel@pawc.wcape.gov.za

Vir Sakkie

Oorle Ouma het altyd gesê as ons jongklomp so mallerig is, ons is mettie maan gepla. Maar nou weet ek darem'ie so mooi nie. Ammal wat ek sien, praat deesdae oor'ie maan. Dis oppie draadloos, innie koerante wat ek hier by'rie dokter se huis te lese kry. In onse straat is daar nou al vir twee weke 'n man wat lope preek oor'ie einde vannie wêreld oorlat die mense nou met Godse werke stane inmeng. En als net oorlat die 'merikaners, mense saam met hullese sateliet maan toe stuur.

Soos wattie gebruik nou al is, sit ek eers smôrens saam mettie dokter en sy vrou by'rie kombuistafel en dan sitte sny ons nou stukke. Enik issit net ek wat die stukke sny, hulle sitte "hmm" een "aa" net en wil hulle so vrek lag oor my stories. Net so af en toe sê of vra hulle iets en dis 'n verwonnering as hulle ôk 'n slag 'n storie vertel. Nou vimôre issit weer so. Dissie maan, dissie maan en dissie maan. Ek sitte kyk hulle so en ek wonner so in my stilligeit of hulle nie dalkies ôk mettie maan saam gepla issie. Hulle praat van goeters wat ek nog juis van gehoor het nie, dis atmos wat sweer, waarvan weet ekkie. Ek dink toe so: Kyk ek tjên mos hier oppie aarde, so atmos is seker 'n soort mos wat 'n mens oppie maan kry. Maar wat ekkie kan kleinkry nie, is die gesweerd van die atmos. Moet seker maar iets oppie maan wees wat die atmos so laat swere uitslaan. Dans daar nog suurstof ôk, die tjên ek darem al, maar hoekom die maan nie hettie, die sê niemand vir my nie.

Nou ja later loop draai die geselse ôk by maantuie, êrempleine en allerrande vliegoeterse. Toe sê Dokter: "Dampies daar moet darem seker vreeslik baie stories oor vliegtuie in jou wêreld wees."

Ek sê, "Nee, nou waa' van ek weet nie, tjên net een van ou Goltros Grootlieg van Verneukpan se êrempleim storie."

“Vertel! Vertel! Dan maak ek solank nog vir ons koffie,” sê die vrou en spring woerts-wats op, sittie ketel aan en kom sit weer by’rie tafel. Toe weet ek, as ek nou beginne vertel sal ek daai koffie so nooit as te nimmer kry nie. Maar ek is ôk al gewoonnd daaraan en ek val weg.

Ek kuier oppe slag by ou Goltros daar op Verneukpan en ons twee sit innie skare voor sy huis. Nou met die man kan jy nie lank gesels’ie of die hele besageit is ’n vertroebeling. Jy dink nog nou gesels ek darem voorste bos toe dan kom stane verformfaai hy die affêring met sy liegtery saam. Ewentwil, daar kom daai dag ’n blouvalk innie lug aangevlie en pyl reguit op sy hen mettie kuikens aan wat daar oppie werf stane skrop.

En toe die ou skepsel dit gewaar, gryp hy sy sweep en gaan verja die gedierte. Dis enik of ek hom nou nog sien. Hoed skeef oppie kop en so vooroor gebuie soos hy hom vorentoe beur. “Loop, jou maaifoerie! Jy sallie my lewendige diere kom vang’ie!” So lope skrou hy en so klap hy die sweep tottie blouvalk padgee. Uitasem kom hy trug en kom sit weer langs my.

Ommie gesels weer aanie gang te kry en te keer lat hy altemit nou weer ’n liegstorie uit sy derms uit stane uitrye sê ek toe: “Ou Gollie, al is die valke nou so ’n vervuiling, is daar darem een ding wat mooi is. Hulle kan vlie.” Dit was my grootste fout!

“Man, Dampies, nee, kyk jy moetie van vlie by my kom praatie. As daar nou een man is wat tjên van vlie, dans dit nou hierie ekke. Hier rond is daar ’ie ’n êremplein wat hierie man noggie gevlie of gedryf hettie. Hier agter ’ie huis het mos allie jare die ou sessie van ’n ou mouterkar gestaan. Man en eendag toe ek die ou sessie so stane kyk, kry ek mos net lus vir vlie, my mond water enik. En ek spring daar aan’ie werk. Dis timmer en beitel en sweis. En ek ennie sessie en ek ennie sessie, so werk ek hom soos wat ek vir hom wil hê. Eers saag ek hom middeldeer lat hy ’n bietjie smaller kan kom en solat hy ôk voor so met ’n skuinste kan loop.

“Toe vat ek twee oliedrimpe wat hier rondlê en ek sny dit bo en onner oop en sweis hulle aanmekaar en toe sweis ek die twee drimpe wat een drim geword het bo-op die sessie vas. Ek gryp ’n ou kruitwiel en die sit ek voor onner’ie skuinste vas en agter sit ek my donkiekar se twee wiele. Daar is toe nêrens ’n stuurwiel wat ek kan gebruik nie, maar ek laat my nie deur ’n stuurwielietjie bloffie. Ek vat toe ’n stuk bloudraad, vleg hom dubbeld en maak hom aan’ie voorwiel vas en trek hom binne innie drim in. Maar toe sien ek lat die besageit gaan nie so werk nie, die draad vannie voorwiel is net vir oppie grond draai.

“Wat maak ek as ek innie lig wil draai? Man en na ek so ’n draai geloop en pyp opgesteek het, toe weet ek! Ek vat hier vannie hoennerhok se sinkplate en die drêns ek nou so lat hy met verdrag al nouer hier na sy punt se kant toe word. Maar mooi innie middel knak ek hom en sit skaniere aan so laat die vlerke kan klap, sien jy? En so drêns ek hom en so drêns ek hom. Dis ek ennie sessie en later ek ennie kontrêpsie en later toes’it net ek ennie êrempleim en ek ennie êrempleim. Toe die son sy kop agter’ie Blinkklip wegtrek, toe’s ek klaar.

“Die annerdag môre het ek ’n klomp klogoed geroep en gesê: Stoot! En toe stoot ons hom tot bo-op Blinkklip. En ek pak’ie wiele vas met klippers en ek wag lattie wind moet opkom. Hier toe’rie son so op marrag staan, toe stoot daar so ’n ligte windjie. Toe vat ekkie klippers weg en klim in. Maar oorlat dit nou twee oliedrimpe is, moet ek aste ware inkruip en op my maag loop lê. En toe lê en wag ek lat die windjie moet sterker stoot.

“Ek lê nog so toe voel ek net my êrempleim beginne hol, eers starag maar later vinnigter soos ons die bult hier af lê en hol. En toe ek reken die spoed is reg, toe gee ek die vlerke se draad net so ’n ligte trekkie. Ou boetie! Toe daai vlerke beginne klap, toesit net zieks; toe klim ons. Wee jy ons klim so vinnig en so hoog ek staan later regop in die drim. Maar ek klim, ek wil so hoog as wat kan innie lug op.

“Man, maar ek vlie so lekker, later het ek weer so mettie drade saam die spoed afgebring lat ek weer my lê kan kry. En so vlie ek en so verwonner ek my aan al die goeterse innie lug. Dis eers voëls later toesit goeters wat ekkie die name van tjên nie, maar ek wil enik’ie daaroor praat’ie.

“Al wat ek kan sê, ou Dampies, julle wat noggie hoër as ’n huis se dak gewees hettie sallie weet van die onheil wat hier bokant onse koppe rondvlie nie. Vreeslik. Maar ek is verby hulle en ek vlie en ek verwonner my. Maar na daai gedrogte wat lyk of hulle uit die hel uitkom, toe vlie ek so ’n so ’n lekker koeltetjie in. Ek dink nog as dit die hel geweesit wat ek netnou gesien het dans ek seker nou naby die hemel. Ek moes dittie gedink hettie.

“Die volgende oomblik toe bots my êrempleim teennie blou hemel vas. Man en ek beginne val daar, dis gat oor kop, gat oor kop so lê en val ek grond toe. Ek sien hier op ’n kol hoe daar so ’n klomp vere, vreeslike mooi spierwit vere hier verby my val. En toes ek darem vir jou benoud, want ek weet met die stampery moet ek seker teen ’n klomp engeltjies wat daar gespeel het gebots het. En dissie annerster’ie, dis hulle se vere wat hier so uit’ie lug uitval. Maar ek kry nie kans om

my te veel te bekommer nie, want ek val en die grond kom. Ek val en die grond kom!

“Maar my naam issie verniet Goljat Tross nie! Ek kry daai êrepleim later weer so laat ons weer in vlie poessiesie kom. En toe melk ek daai drade en ek voel hy gehoorsamag vir my. En toe sak ons; ek melk daai drade en en ons sak. Ek melk en ons sak, melk en sak, al laer al laer. Toe ek nou reken ons is naby genôg toe maak ek daai vlerke vas en ek kry die wiele reg. Toe ek die wiele se draad intrek soos ’n mens donkies se leisels intrek toe skop daai wiele uit en vat-vat grond. Net woep-woep en toe hol ons. Ek preur met my voete die agterste twee wiele en so breek ek hom. En hy hol en ek breek, so hol hy, so breek ek. Later net ’n drafstappie en toe gaan staan daai êrepleim jy ka maar sê amper oppie presiese selle plek agter’ie huis.

“So ek tjên van vlie man. Jy moenie hier kom sitte brêk oor hoe mooi ’n blouvalk vlie nie! Wat daai valk van vlie af moet leer het ek Goljat Tross al lankal vergeet. Dis hoekom ek aankomende jaar hierop son toe wil vlie!”

Toe ek klaar vertel het, toe sit daai twee met oë wat so groot is soos die koppies waarin ons toe nooit koffie gekry hettie se pierings. En hulle is verwonnerd en hulle lag. Toe sê Dokter: “Ja-nee ou Dampies jy sê mos ons is almal met die maan gepla, maar jou ou vriend Goltros is denitief met die son gepla!”